GERMISTON MOTORS
VIR
mazda
MITSUBISHI
VOORDAT U KOOP GESELS MET ONS
U kan sakke vol geld Bespaar.
Victorlastraat 9, Germiston
825-1600

Beeld
BY DIE POSKANTOOR AS NUUSBLAD GEREGISTREER
JOHANNESBURG, MAANDAG, 11 FEBRUARIE 1985. ELFDE JAARG
PRYS 30c. (27c + 3c AVB) LUGVRAG 45c. (40c + 5c AVB)
Tel. Johannesburg (011) 402-1460, Pretoria (012) 28-6954. Posbus 5425, Johannesburg

• Nie summiere 'nee' vir P.W.

# Mandela laat deur oop

(E)

DA-105

Deur HENRY JEFFREYS

DIE leier van die ANC, Nelson Mandela, het die aanbod van vrylating – wat onlangs deur die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, aan hom ...

Deur HENRY JEFFREYS

**DIE leier van die ANC, Nelson Mandela, het die aanbod van vrylating – wat onlangs deur die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, aan hom en ander gevangenes gedoen is – van die hand gewys, maar oënskynlik die deur vir verdere gesprekvoering oopgelaat.**

BEELD 11/2/85

*Die Staatspresident het aangebied dat Mandela en ander langtermyn-gevangenes wat ingevolge veiligheidswetgewing aangehou word, vrygelaat sal word mits hulle onvoorwaardelik geweld afsweer. Kort ná die bekendmaking van die aanbod is dit deur die president van die ANC, Oliver Tambo, verwerp.*

(F)

Mandela se antwoord op die aanbod wat mnr. Botha onlangs in die Parlement gedoen het, is gister deur sy dogter Zinzi in Soweto bekend gemaak tydens 'n reuse-saamtrek van die United Democratic Front waar hulde gebring is aan die Nobelpryswenner biskop Desmond Tutu.

Opvallend in die verklaring wat namens Mandela voorgelees is, is die feit dat nêrens melding gemaak word van 'n summiere verwerping van die Staatspresident se aanbod nie.

Die verklaring bevat ook waarskynlike riglyne waarvolgens Mandela dalk bereid is om te onderhandel.

● 'n Woordvoerder van die kantoor van die Staatspresident het gister by navraag aan Beeld gesê die Staatspresident het nog geen reaksie van Mandela ontvang nie.

Pres. Botha het ook nog nie 'n teks ontvang van die verklaring wat gister in Soweto voorgelees is nie.

Beeld verneem regsverteenwoordigers van die UDF het die verklaring deeglik bestudeer voordat toestemming vir die openbare bekendmaking daarvan gegee is.

Mej. Mandela het die verklaring voorgelees te midde van luide en deurlopende toejuiging deur die sowat tienduisend mense van alle rasse wat die Jabulani-stadion van kant tot wal volgepak het.

In die verklaring sê Mandela hy praat nie net namens homself nie, maar namens al sy "kamerade" in die Pollsmoor-gevangenis en "hopenlik" namens alle ander politieke gevangenes in tronke elders in die land.

Mandela sê hy is "verras" deur die voorwaardes wat die Regering aan hom wil "opdwing".

Hy en sy kollegas het reeds in 1952 aan dr. Malan en die daaropvolgende eerste ministers – adv. Strijdom en dr. Verwoerd – geskryf en 'n konferensie waar 'n oplossing vir die land se probleme gesoek sou word voorgestel, maar is geïgnoreer.

Die Staatspresident, sê die verklaring, moet bewys dat hy anders is as sy voorgangers. Pres. Botha moet volgens Mandela eers die volgende doen:

● Geweld afsweer.

BEELD 11/2/85

(9)

# Mandela

Vervolg van bl 1

- Verklaar dat hy apartheid sal aftakel.
- Die verbod op die ANC herroep.
- Alle mense wat vanwee hul verset teen apartheid in aanhouding en ballingskap is, vrylaat en.
- Vrye politieke deelname waarborg sodat die mense kan besluit wie oor hulle moet regeer.

Hy koester sy vryheid innig, maar is meer besorg oor die mense se vryheid. "Te veel mense is al dood sedert ek tronk toe is. Te veel het al gely oor hul liefde vir vryheid. Ek skuld dit aan hul weduwees, hul weeskinders, hul moeders en vaders wat oor hulle treur en oor hulle gehuil het.

"Ek kan nie my geboortereg verkoop en is nie bereid om jul geboortereg te verkoop alvorens al die mense vry is nie.

"Watter vryheid word ek aangebied terwyl die organisasie van die mense (die ANC) nog verbode is, ek vir 'n paswetoortreding in hegtenis geneem kan word en toestemming moet vra om in 'n stedelike gebied te kan woon en werk?

"Watter vryheid word ek aangebied wanneer daar nie respek is vir my Suid-Afrikaanse burgerskap nie?"

Mandela sê net vry mense kan onderhandel. Gevangenes kan nie kontrakte aangaan nie. Die Swapo-leier Herman Toiva Ja Toiva het tydens sy vrylating geen ondernemings gegee nie en daar is ook nie aan hom gevra om enige te gee nie.

"Ek kan nie en sal nie enige ondernemings gee terwyl ek en die mense nie vry is nie. Jul vryheid en my vryheid kan nie geskei word nie."

Mandela het beklemtoon dat Tambo sy grootste vriend is en dat daar geen verskille tussen hulle is nie.

- Intussen het twee politieke gevangenes in die naweek aangedui dat hulle die aanbod van die Staatspresident onvoorwaardelik aanvaar.

Albei dien lewenslange gevangenisstraf op Robbeneiland uit en het reeds meer as twintig jaar uitgedien, het 'n woordvoerder van die Gevangenisdiens aan Beeld gesê.

Hulle sal binnekort vrygelaat word, wanneer hul name bekend gemaak sal word.

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.